# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

*6 Desember 2020*



**www.gkcachet.org.za**

## Afrikaanse eredienste

<u>Sondae 9:30 & 18:00</u>

In die Gemeentesentrum (GS) op die NWU-PUK kampus, Hoffmanstraat 28

## English worship service

<u>Sundays 11:00</u>

In the Church House on the NWU-PUK Campus, Hoffman street 28

**Kerkkantoor in die GS**

Lulu Coetsee – 018 294 4894
of 079 494 7360
Dinsdae- & Vrydae oggende 8:30-12:00

**Predikant**

Brahm Robinson – 064 656 1374
brahmrobinson@gmail.com

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Diakonie (vir koskas, nood & skenkings)**
Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

**Koster & Powerpoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

**Vir vervoer na eredienste & kerkaksies:**
Zard Aucamp – 061 638 5247

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Erediens preke & oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters & van

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

## Liturgy: Morning Service 6 December 2020

### Rev Brahm Robinson

**Votum and Blessing**
**Confession of Faith**
Song of praise: Psalm 105:1, 2, 3, 4
**Humbling and Reconciliation**
Sing: Psalm 86:2, 3, 4
**Prayer**
**Sermon:** Luke 2:8-21
Theme: The two consequences of the gospel
**Prayer**
**Love Offerings**
Sing: Hymn 22 (Song of Simeon):1, 2
**Sending Blessing**
Sing: Psalm 134:3

## Liturgie: Aanddiens 6 Desember 2020

### Prof Albert Coetsee

**Voorsange:** Skrifberyming 4-3 [66]:1, 2, 3; Skrifberyming 3-3 [64]:1, 2, 6
**Votum en Seëngroet**
Lofpsalm: Psalm 89-1:1, 6, 14
**Gebed**
**Woordbediening:** Jesaja 8:23–9:6
Sing: Psalm 66-1:7
Fokusverse: Jesaja 9:5-6
Tema: 'n Kind is vir ons gebore!
**Gebed**
Sing: Psalm 119-1:39
**Liefdegawes**
Sing: Skrifberyming 3-3 [64]:1, 2, 3
**Uitstuurseën**
Amen: Skrifberyming 13-3

# Preekskets (Aanddiens)

Kerstyd is vir baie mense 'n moeilike tyd van die jaar. Hierdie jaar mag dit dalk nog moeiliker wees vir miljoene mense regoor die wêreld. Tog is Kerstyd juis 'n tyd van hoop. Dit bevat 'n boodskap van troos en sekerheid. Dit herinner ons aan God se asemrowende genade en beloftes. 'n Kind is vir ons gebore ...

**Jesaja 8:23-9:6 in konteks**

Die woorde van hierdie profesie is gerig aan die noordelikste dele van Israel (Jes 8:23), wat vanweë hulle geografiese ligging gereeld die slagoffers was van vyandige invalle. In die tyd van hierdie profesie was hierdie gebiede onderdanig aan die Assiriërs. Dit was (in die woorde van hierdie profesie) 'n tyd van donkerte, benoudheid en veragting.

In hierdie omstandighede ontvang die volk die troos: Die Here sal hulle lot verander. Hý sal hulle donkerte verander lig. Dit bevestig Hy met hierdie profesie. Verskeie dinge word hier belowe, met die geboorte van 'n Kind as klimaks. Die kerk deur die eeue interpreteer hierdie woorde as 'n verwysing na die Messias wat sou kom – Jesus Christus, wat in die volheid van die tyd as mens gebore is (Matt 4:13-16).

**Jesaja 8:23-9:6 se troos**

Jesaja 9 bevat soveel wonderlike elemente van troos. Ons hoor hier wie Christus is, wat Hy kom doen het, en wat Hy sal doen:


1. Hy is eerstens gestuur vir Israel ... maar ook vir ons.
2. God het Hom uit genade vir ons gestuur.
3. Hy is tegelykertyd God en mens.
4. Sy wysheid gaan ons verstand te bowe.
5. Hy kan ons volkome beskerm.
6. Hy is ons goedgesind.
7. Hy gee volkome en ware vrede.
8. Hy sal regeer tot in alle ewigheid.
9. Die Here self waarborg al hierdie dinge.
10. Ons het die sekerheid dat hierdie Koning weer kom.




## *Lief en Leed:*



† **Baie geluk aan Hardus van der Westhuizen en Chané Bray wat DV 12 Desember in die huwelik tree! Mag die Here julle huwelik seën! (Hoogl. 4:9-10).**





## Liefdegawes:

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

<table>
<tr><th colspan="2">Vir die werk van die diakonie:</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Snapscan vir die eerste kollekte:<br><br>SnapScan<br>PXMP46287<br>Snap here to pay<br><br>https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287</td><td>Oggend 1ste kollekte:<br>Ramings – GKSA</td></tr>
<tr><td>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Ramings – GKSA<br>(deponeer elke kollekte apart)</td></tr>
<tr><th colspan="2">Vir die werk van die diakonie:</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Snapscan vir tweede kollekte:<br><br>SnapScan<br>PVA181324<br>Snap here to pay<br><br>https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324</td><td>Aand 2de kollekte:<br>Jeugsorg – GKSA</td></tr>
<tr><td>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Jeugsorg – GKSA<br>(deponeer elke kollekte apart)</td></tr>
</table>

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE HIERDIE WEEK:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9 Desember | Franscois Shaw | 10 Desember | Mareli Roets |
| 10 Desember | Lukas Scheepers | 10 Desember | Ulrike Upton |
| 11 Desember | Koos Kruger | 11 Desember | Christian Theron |
| 13 Desember | George Louw | | |



In plaas van rou en harteleed
het U met blydskap my omkleed;
my sak het U ontbind, my weer
met vreug omgord, sodat my eer
nie swyg: U bring ek al die ere,
U sal ek ewig loof, o HERE!
Psalm 30:8

# Administratief

**Attestaat vertrek**

Elizabeth Johanna Marisa (Lise) van Vuuren na *GK Heilbron*

**Attestate: finalejaars en ander**

Indien jy hierdie jaar afstudeer of Potchefstroom verlaat, laat weet asseblief vir Lulu by die kerkkantoor sodat ons jou attestaat kan aanstuur. Stuur asseblief jou volle naam, van en die gemeente waarna ons jou attestaat kan stuur per Whatsapp (079 494 7360), of e-pos na admin@gkcachet.org.za. (Besonderhede is op p. 2 van die Cachetbiljet.)

# Nuus vanaf Admin Buro

**Beroep ontvang:**

Ds Z van 't Zand (Zander) van GK Middelburg-Noord na GK Christiana/Bloemhof kombinasie

**Beroep bedank:**

Dr JA Erasmus (Jannie) van GK Odendaalsrus na GK Rooihuiskraal

CACHET
GEREFORMEERDE KERK
Gereformeerde Kerk Cachet
Hoffmanstr. 28
018 299 2588
079 494 7360
admin@gkcachet.org.za
Posbus 20123
Noordbrug
2522
Potchefstroom
www.gkcachet.org.za
fb: Gereformeerde kerk Cachet

# Cachet Eerstejaarskamp 2021

Beste voornemende eerstejaar,

Die Gereformeerde Kerk Cachet in Potchefstroom is baie dankbaar oor al die navrae wat ons tot dusvêr ontvang het aangaande 'n eerstejaarskamp in 2021.

Ons beoog om in die laaste helfte van Februarie 'n eerstejaarskamp te Nooitgedacht Kampterrein in Potchefstroom te hou.


Dit is ongelukkig egter nog nie moontlik om die datum en duur van die beplande kamp vas te stel nie, omdat die amptelike datums van die akademiese kalender van die NWU nog nie bekend gemaak is nie.

Ons vertrou dat ons binnekort kommunikasie van die NWU af sal ontvang en ons beywer ons om so gou as moontlik meer inligting oor die eerstejaarskamp van 2021 te kommunikeer.

Ons sien met groot opgewondenheid uit om jou as eerstejaar DV volgende jaar in ons midde hier by Cachet te ontvang!

Kontak ons gerus indien daar enige navrae is.

Jubila Voorsitter
Estmia van der Walt
Sel: 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com


KAMERS TE HUUR
2021
OP KAMPUS BY GK CACHET
WATER, LIGTE, INTERNET, PARKERING
EN SKOONMAAKDIENSTE INGESLUIT
SLEGS DAMESSTUDENTE
VANAF R2700 TOT R4400 PER MAAND
PER KAMER
KAMERS IS DEELBAAR, TWEE DAMES PER KAMER
Kontak Brahm
0646561374
brahmrobinson@gmail.com

# Die Goue Kandelaar

Die tyd het aangebreek vir die druk van die Teologiese skool Potchefstroom se amptelike jaarblad en ons sal u ondersteuning baie waardeer as u een koop. Bestellings kan geplaas word by die e-pos adres wat voorsien word.

**Prys**: R100 per boek

**Kontak Besonderhede**: alivh808@gmail.com

Bestellings kan geplaas word tot die 8ste Desember

# The Golden Lampstand 2020 – Contents

Preface – Peet van der Westhuizen

A message from the Rector – Prof. Gert Breed

The Church in the time of Covid-19 – Alistair van Heerden

The translation of the Bible during the 4th and 14–16th centuries – Mduduzi Mahlangu

The history of the Afrikaans Bible Translation – Philip Wepener

The importance of more than one translation – Prof. Francois Viljoen

The text of the Old Testament, textual criticism and Bible translation – Prof. Herrie van Rooy

The source text for the New Testament in the new Afrikaans 2020-translation – Prof Jorrie Jordaan

Year 1 – Bernard Stavast

Year 6 – Jaco Linde

2020: A year of challenges – Prof. Hennie Goede

TSP-2020 Cycle tour – Nardus Buys

Old Testament Crossword puzzle

New Testament Crossword puzzle

Old Testament Crossword puzzle answers

New Testament Crossword puzzle answers

# *Kruispad* e-tydskrif

## *GKSA Jeug*




**Alle eer aan God!**

Die feestelikheid wat die wêreld tydens die Kersseisoen vier is nié waaroor dié tyd gaan nie. Dit gaan oor Jesus Christus! Dit is iets wat ons as gelowiges weet, maar sien ander mense dit in jou lewe raak? Probeer hierdie feesseisoen werklik met vreugde in jou hart lewe, ongeag van hoe deurmekaar die wêreld rondom jou is. Ons harte is vol vreugde omdat ons weet oor Wie hierdie feesseisoen gaan. Dit gaan nie oor ons nie, maar oor ons Here Jesus Christus. Wýs dat jy alle eer aan God gee. God het Jesus as Verlosser gestuur. *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!* Net soos die Bybel verkondig dat Jesus gebore sal word, lees ons dat Hy weer sal kom. As jy met misnoeë terugkyk na die jaar wat was, dink daaraan dat jy deur goeie én slegte tye na die wederkoms van ons Here Jesus Christus kan uitsien. As gelowiges kan ons met groot hoop na daardie dag uitsien en waarlik fees vier, want ons Redder is gebore!

Hierdie maand kyk ons onder andere na die vier lofsange in Lukas. Saam met Maria, Sagaria, die engele en Simeon sing ons van blydskap oor Jesus se geboorte. **Alle eer aan God!** Hier onder kan jy meer lees oor die sewe nuwe artikels vir Desember 2020.

**Vriendelike groete**
**Kruispad-redaksie**

# Wys jou ware vreugde – dis Kerstyd!




**Ou Testament: Die geskiedenis baan die weg vir Jesus se koms**

In Daniël lees ons die geskiedkundige agtergrond wat gemaak het dat Jesus Christus se koms op die volmaakte tyd plaasgevind het. Lees die artikel hier.




**Insig: Wat Christus se koms vir Hóm beteken**

As jy beter wil verstaan wat Kersfees vir jou, én die wêreld om jou, beteken, staan stil en dink aan wat Jesus se geboorte vir Hóm beteken het. Lees die artikel hier.




**Insig: Wat beteken die woord Advent?**

Die koms van ons Here Jesus Christus is van groot belang vir die kerk. *Kruispad* kyk na die betekenis van die woord Advent. Lees die artikel hier.




**Bybelstudie: Maria se lofsang van dank**

Doen hierdie Bybelstudie oor Lukas 1:39-56 om meer van Maria se danklied aan God te leer. Kry dié Bybelstudie hier.

**Laai meer oor die lofgesange in Lukas**




**Bybelstudie: Die lofsang van Sagaria**

Ons lees in Lukas 1:67-80 die lofsang van Sagaria, die pa van Johannes die Doper. Doen hierdie Bybelstudie om dié gedeelte beter te verstaan. Kry dit hier.




**Nuwe Testament: Die engele se lofsang met Jesus se geboorte**

Hierdie vers in Lukas 2 is baie bekend. Verstaan die dieper betekenis van die engele se lofsang wanneer Jesus gebore word. Lees die artikel hier.




**Bybelstudie: Simeon se lofsang as hy die Verlosser sien**

In Lukas 2:25-35 lees ons van Simeon, aan wie die Here gesê het hy nie sou sterf voor hy nie die Here se Gesalfde gesien het nie. Doen hierdie Bybelstudie en leer meer oor Simeon se lofsang.

**Laai hierdie nuusbrief as 'n PDF-dokument af wat jy kan deel**

**Deel die blye boodskap!**


Wil jy hierdie e-tydskrif in jou kerk se nuusblad plaas of dit aanstuur? Klik op die skakel hierbo om 'n PDF-dokument af te laai, met skakels na die onderskeie artikels, wat jy dan kan gebruik. Kyk ook op ons webwerf: Elke artikel het 'n druk-opsie dat jy dit kan aflaai of uitdruk. Jy kan ook die artikels per e-pos of selfs Whatsapp deel!




## Gee KERSFEES-HOOP aan die wat dit broodnodig het!!

Geagte Broeders en Susters,

Die Bybelgenootskap in vennootskap met 'n aantal medewerkers is besig om 'n aantal Johannes-Evangelies te laat druk en beskikbaar te stel. Boekies is beskikbaar in Afrikaans, Engels, IsiXhosa, IsiZulu en Sepedi (Noord Sotho). Dit is 'n vennootskap inisiatief met *"Unashamedly Ethical"* en die *"Pocket Testament League"* uit Amerika. Die titel van die boekie is: ***"Book of life"***. Dit bestaan uit die Johannes-evangelie en daar is 'n gedeelte met evangelisasiewerk materiaal ingesluit.




Die idee agter hierdie projek is om soveel as moontlik Bybelgedeeltes voor Kersfees te versprei en die volgende getalle is beskikbaar vir gratis verspreiding:

75 000 Engels

25 000 Afrikaans

75 000 IsiZulu

50 000 IsiXhosa

25 000 Sepedi (Noord Sotho)

Help asb om die evangelies te versprei deur netwerke waarmee u werk te nader en hierdie gratis geskenk aan te bied. Hulle is welkom om soveel as moontlik te bestel. Dit kan goed saamwerk met die uitdeel van kospakkies of selfs evangelisasie-uitreike gedurende hierdie tyd van die jaar.

Broeders en Susters! 'n Unieke geleentheid om die Brood van die Lewe aan iemand te skenk vir Kersfees!

**Word saam met ons die verspreiders van Hoop!**

**bible society** of south africa
**bybelgenootskap** van suid-afrika

200
1820 - 2020

non-profit company
maatskappy sonder winsoogmerk
company registration no / maatskappy registrasieno
2008/007505/08

**BREAD OF LIFE - ORDER FORM 2021**

| NAME | SURNAME |
|---|---|
| | |
| **CONTACT NO** | **CELL NO** |
| | |
| **ORGANISATION** | **E-MAIL** |
| | |
| **DELIVERY ADRESS** | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| QUANTITY | DESCRIPTION | ISBN |
|---|---|---|
| | ***AFRIKAANS*** - GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-0-7 |
| | ***ENGLISH*** - GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-1-4 |
| | ***SEPEDI*** - GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-2-1 |
| | ***ISIZULU*** - GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-3-8 |
| | ***ISIXHOSA*** - GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-4-5 |

**THANK YOU FOR YOUR ORDER**

**Signature:** ____________________________ **Organization:** __________________________

Email to Coleen van Zyl: vanzyl@biblesociety.co.za

p o box 5500
tyger valley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville
chief executive officer
rev dt gevers

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.biblesociety.co.za
www.bybelgenootskap.co.za

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville
uitvoerende hoof
ds dt gevers

**bible society** of south africa
**bybelgenootskap** van suid-afrika

200
1820 – 2020

non-profit company
maatskappy sonder winsoogmerk
company registration no / maatskappy registrasieno
2008/007505/08

27 November 2020

Beste vennoot in Christus

Inligting rakende voorraad van die Afrikaans 2020-vertaling

Die wêreldwye pandemie het 'n ernstige impak op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se voorraadhouding en verskeping van nuwe voorraad gehad.

Die Afrikaans 2020-vertaling in verwerkte leeromslag is ongelukkig tans uit voorraad. Die drukkers in China het reeds 'n nuwe besending gestuur, maar ongewone vertragings word ervaar as gevolg van die COVID-19-voorkomingsprotokols wat in die hawens en skepe van toepassing is.

Ons het beplan om die nuwe besending in die tweede week van Desember in Suid-Afrika in ontvangs te neem, maar in hierdie stadium is 22 Desember 'n meer realistiese datum (indien daar nie verdere vertragings voorkom nie).

Ons vra om verskoning vir die ongerief. Stuur gerus enige bestellings na u verkoopsverteenwoordiger, of direk aan my. Ons sal u in kennis stel sodra voorraad weer beskikbaar is.

Vriendelike groete

Minette Jansen van Veuren

Verkoopsbestuurder

sales@biblesociety.co.za

p o box 5500
tyger valley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville
chief executive officer
rev dt gevers

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.biblesociety.co.za
www.bybelgenootskap.co.za

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville
uitvoerende hoof
ds dt gevers



Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)

Posbus 13383, Hatfield 0028 T: 012 362 0660 E: toibo@imaginet.co.za

- Transoranje-skool vir Dowes
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes
- Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid
- Hoërskool Martie du Plessis vir Fisiese-, Serebraal- en Leergestremdes

**Aan die einde van Oktober het mev Beverley du Toit, hoof van Transvalia-skool, die tuig na 35 jaar neergelê weens gesondheidsredes.**

**Mev Du Toit was 'n uitsonderlike hoof, en die skool en die Instituut sal haar mis.**

**Mnr Johan Venter, senior adjunkhoof neem tans waar as hoof.**



Geagte Dominee

Die jaar snel ten einde. Wanneer ek terugkyk op die jaar wat verby is, kyk ek tog terug met dankbaarheid. Die Covid-19-pandemie het ons almal onverwags gevang en ons in ons spore gestuit. Dit het ons egter gedwing om planne te maak en die uitdagings meer kreatief en innoverend aan te pak.

U, as stigterslede, kan geweldig trots voel op die manier waarop ons skole en kinders hierdie uitdagings hanteer het.



__Die positiewe__

- By **Transvalia-skool** is gevind dat ouers baie meer betrokke geraak het en die skool en hul kinders ondersteun het.
- By **Transoranje-skool** het die Departement van Onderwys 'n bus beskikbaar gestel om leerders te vervoer omdat die koshuise noodgedwonge gesluit moes word.
- **By Prinshofskool** is die kinders met hul terugkeer na die skool elke dag voorsien van ontbyt en middagete. Twee nuwe rekenaarsentrums is opgerig vir die Grondslagfase. Daar is opnuut besef dat kinders, veral die kind met blindheid, van kleins af moet leer om 'n rekenaar of tablet te gebruik.
- By **Hoërskool Martie du Plessis** is daar sedert Maart begin met WhatsApp-klasse vir elke graad, en die kurrikulum vir die graad 12-leerders kon sonder enige probleme afgehandel word. Daar is vanjaar 41 matrikulante wat hul eindeksamen gaan aflê.
- By **Sonitusskool** het die onderwyspersoneel lugtyd geborg en die ekstra myl geloop om sommige lesse meer as een maal aan te bied.

__Die negatiewe__

Al die skole het ondervind dat baie ouers nie hul finansiële verpligtinge kan nakom nie omdat hulle hul werk verloor het. Dit plaas hul begrotings onder geweldige druk.

Baie dankie vir u voorbidding en finansiële ondersteuning die afgelope jaar. Mag hierdie Kerstyd vir u en u geliefdes 'n ware Christusfees wees.

Tot volgende jaar!

*ARINA JOOSTE*

**UITVOERENDE BEAMPTE**



**Transoranje Instituut**
**ABSA**
**Rekeningnommer: 020 840 145**
**Takkode: 632 005**